UNIVERSITY OF THE **FREE STATE**
UNIVERSITEIT VAN DIE **VRYSTAAT**
YUNIVESITHI YA **FREISTATA**

UFS
THE HUMANITIES
AFRIKAANS AND DUTCH, GERMAN AND FRENCH

# DF Malherbe-gedenklesing: Kinderverse en -rympies bevorder taalaanvoeling

**Geskryf deur:** Rulanzen Martin

Die 35ste DF Malherbe-gedenklesing het ’n nuwe, prettige jas aangetrek toe die lesing op 16 Maart 2022 deur die welbekende kinderboekskrywer Jaco Jacobs gelewer is. Jacobs se kinderrympies en versies, gediggies en stories was ’n ode aan sy stokperdjie, sy brood en botter en sy grootse passie – boeke vir kinders en jongmense.

Die onderwerp van die lesing was *Op My Planeet: Die Wonderwêreld van Kinderverse* en is deur die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aangebied. As kinderboekskrywer praat Jacobs dikwels voor gehore, maar nie voor studente of geleerdes nie. “Met kinders praat ek oor onderwerpe soos die voor- en nadele as ’n mens se ouma besluit om ’n ‘rock’-sanger te word, maniere om ’n skaap by ’n kerkbasaar te steel en hoe spaghetti tussen jou tone sal voel.”

Die doel van sy lesing was nie om ’n waarskuwing, ’n wekroep of pleidooi oor die stand van Afrikaans te lewer nie, maar eerder om te gesels oor verse vir kinders as ’n subgenre in Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur. Jacobs het immers meer as 20 jaar ervaring in hierdie subgenre.

### Rympies en versies, selfs poësie, belangrik van kleintyd af

“’n Rympie klink immers na pret, ’n rympie klink na iets wat kan knipoog, glimlag en wat weet hoe rooi koeldrank smaak,” sê hy. Dus stel hy die vraag: hoekom is kinders en onderwysers dan bang vir poësie?

Die konnotasie met poësie laat baie mense terugdink aan die dubbelperiodes in Afrikaans, waar hulle vasgevang was in ’n klaskamer wat volgens Jacobs na “sweterige sokkies ruik, en kurkdroë bladsye vol alliterasie, assonansie en enjambement”! Volgens hom is kinders nie van kleins af bang vir poësie nie, omdat hulle “met ’n oor vir poësie gebore word”; selfs voordat ons betekenis daaraan koppel, leer ons van kleins af om fyn te luister na die ritme en klank van jou ma of pa se stem. “Daar is heelwat studies gedoen oor hoe voordelig dit is om poësie aan ’n ongeborge baba voor te lees – hulle reageer sterk op woorde wat hulle in die baarmoeder gehoor het,” sê Jacobs.
Jacobs sê ’n kind wat kleintyd rympies saam met moedersmelk inkry, leer dat taal kan troos – soos met hierdie rympie:

*Slaap kindjie slaap*
*Daar buite loop ’n skaap*
*’n Skaap met witte voetjies*
*Hy drink sy melk so soetjies*
*Skapie met sy witte wol*
*Kindjie drink sy magie vol*
*Slaap kindjie slaap*

Kinderverse speel ’n belangrike rol omdat dit gewoonlik rympies insluit wat deel is van alledaagse spel. “Die wonderwêreld van kinderverse is vol klanke, rympies, passies, ritme en patrone. Kinderrympies moet soms ondeund wees en die grense so ’n bietjie toets,” sê Jacobs.

Die DF Malherbe-gedenklesing word elke tweede jaar aangebied. Vorige sprekers sluit onder andere in Coenie de Villiers, en die taalaktivis Bettina Wyngaard in 2018.